# DIE DU TOIT'S VAN SUID-AFRIKA

deur

AC FUCHS



ISBN 978-0-620-43868-1

SEPTEMBER 2009
PRETORIA

# Die DU TOIT'S van Suid-Afrika

ISBN 978-0-620-43868-1

**Uitgegee deur | Published by**

**Alexis Charles FUCHS**

| | |
|---|---|
| Hans Strydomlaan 289 | 289 Hans Strydom Avenue |
| Lyttelton 0157 | Lyttelton 0157 |
| Telefoon: 012-664 4526 | Telephone: 012-664 4526 |
| Selfoon: 072-735 4053 | Cell phone: 072-735 4053 |
| E-pos: jakkalsfuchs@gmail.com | Email: jakkalsfuchs@gmail.com |


| | |
|---|---|
| **Navrae en opdaterings** | **Queries and updates** |
| Uitgewer en Outeur | Publisher and Author |
| *Enige byvoegings of regstellings kan direk aan die outeur gestuur word* | *Any additions and corrections can be sent direct to the author* |



| | |
|---|---|
| **Bemarking en Verspreiding (Bestellings)** | **Marketing and Distribution (Orders)** |
| **Genealogiese Genootskap van Suid-Afrika** | **Genealogical Society of South Africa** |

Suite 143, Postnet X 2600, Houghton, 2041

| | |
|---|---|
| E-pos: secretary@ggsa.info | Email: secretary@ggsa.info |
| Webtuiste: www.ggsa.info | Website: www.ggsa.info |




| | |
|---|---|
| **Alle regte voorbehou** | **All rights reserved** |
| Geen gedeelte gedeeltes van hierdie boek mag sonder die skriftelike toestemming van die uitgewer gereproduseer word nie, hetsy fotografies, meganies of elektronies of enige ander stelsel vir inligtingbewaring | No portion of this book may be reproduced in any manner without the written consent of the publisher, be it photographically, mechanically or electronically or any other system of information storage |

**Kopiereg | Copyright**

**AC FUCHS**


**Eerste druk | First Edition**

September 2009

Ook in boekvorm beskikbaar | Also available in book format

ISBN 978-0-620-43869-8

## INHOUDSOPGAWE / CONTENTS

### VOLUME I


| | |
|---|---|
| Voorwoord | ii |
| Foreword | iii |
| Inleiding | iv |
| Introduction | vi |
| Beroepe /Occupations | viii |
| Afkortings / Genealogiese simbole<br>Abbreviations / Genealogical symbols | xi |
| Testament | xv |
| Will | xvi |
| Eerste geslag aan die Kaap<br>First generation at the Cape | xvii |
| Geslagregister / Genealogy | 1 - 1211 |


### VOLUME II


| | |
|---|---|
| Geslagregister / Genealogy | 1212 - 1566 |
| Indekse vir Volumes I en II<br>Indices for Volumes I and II | |
| Du Toit | 1567 - 2050 |
| Aangetroudes / Related by marriage | 2051 - 2356 |
| Ongekoppel / Unlinked | 2357 - 2427 |
| Bronnelys / Bibliography | 2428 - 2435 |

**Voorwoord**

Die Hugenote broers, Guillaume en Francois du Toit, vestig hulle op 23 Junie 1686, byna twee jaar voor die hoofgroep Hugenote, aan die Kaap van Goeie Hoop.

Hulle het gou ingeburger en leidende rolle in hul gemeenskap gespeel. Albei was suksesvolle boere, 'n heemraad, het op die kerkraad gedien en 'n groot rol in die vryburgers se stryd teen die wanadministrasie van goewerneur W A van der Stel gespeel. Alhoewel hulle Franssprekend was het hulle hul plase Hollandse name gegee.

Alhoewel Guillaume geen nasate in die manlike lyn gehad het nie is sy dogter Helena, deur haar huwelik met Jan Oberholster, die stammoeder van die Oberholster-familie in Suid-Afrika.

Al die Du Toit's in Suid-Afrika stam van Francois en sy vrou Susanne Seugnet af. Die Du Toit-familie het deur die loop van eeue waardevolle bydraes op vele terreine van die Suid-Afrikaanse samelewing gelewer: as boere, wynboukundiges, ekonome, akademici, opvoedkundiges, teoloe, medici, ingenieurs, regsgeleerdes en politici. Noem die van Du Toit en 'n mens dink onwillekeurig aan hul bydrae tot die Afrikaanse taal (vier van die ag stigterslede van die Genootskap van Regte Afrikaners was Du Toit's). Ds Stephanus Jacobus du Toit word beskou as die "vader" van die Afrikaanse Taalbeweging en die Afrikanerbond. Hy was ook 'n skrywer en vertaler van die Bybel in Afrikaans. Sy broer, Daniel Francois (Oom Lokomotief) du Toit was 'n baanbreker Afrikaanse joernalis en redakteur van die *Afrikaanse Patriot*, een van die invloedrykste koerante vanaf 1876 tot 1890. Daniel Francois (Dokter) du Toit was ook 'n stigterslid van die Genootskap van Regte Afrikaners en 'n bekende drukker in die Paarl. Professor Jacob Daniel du Toit is die bekende Afrikaanse teoloog, Psalmberymer en digter Totius, Alexander Logie du Toit is 'n internasionaal bekende en bekroonde geoloog terwyl Paulus Philippus du Toit 'n direkteur van die KWV en LV vir die Paarl was.

Alhoewel die familie een van die talrykste en bekendste families in Suid-Afrika is is daar tot dusver nog geen omvattende familieregister gepubliseer nie. Daar is wel al registers oor sekere takke gepubliseer.

Alexis Charles Fuchs het in 1989 begin om sy moeder Hester Susanna du Toit van die Robertson/Worcester Du Toit's se tak op te stel. Hy het egter so baie inligting ingesamel dat hy besluit het om eerder 'n Du Toit-stamregister saam te stel. Hy het baie hulp en inligting ontvang van H J L (oom Louw) du Toit van Pretoria, Martie Venter (nee Du Toit van Bloemfontein, die Hugenote-Gedenkmuseum op Franschhoek, Joan Saul van Kraaifontein, Orpa Janse van Rensburg van Stellenberg, Marie du Toit van Pretoria, Alida Theron van Prince Albert en Yvonne Howarth van Sydney, Australië. J F S (Jos) du Toit van Gordonsbaai het ook 'n reuse bydrae gelewer om die Du Toit-familie te boekstaaf.

Hierdie Du Toit-familieregister is 'n waardevolle toevoeging tot genealogiese werke, asook die oor Hugenote-families in Suid-Afrika en ek spreek besondere dank en waardering uit aan Alex Fuchs en Jos du Toit wat dit moontlik gemaak het.

Juna Malherbe
Hugenote-Gedenkmuseum, Franschhoek
14 Junie 2007

**Foreword**

The Huguenot brothers, Guillaume and Francois du Toit, arrived at the Cape of Good Hope on 23 June 1686, nearly two years before the main group of Huguenots.

They soon settled in and played leading roles in their community. Both were successful farmers, *heemraden* (justices of the peace), served on the church council and played a large role in the free burgers struggle against the maladministration of Willem Adriaan van der Stel. Although French-speaking they gave their farms Dutch names.

Guillaume had no male descendants but his daughter Helena, through her marriage to Jan Oberholzer, became the progenitress of the Oberholsters in South Africa.
All the Du Toits in South Africa are descended from Francois and his wife Susanne Seugnet. Through the centuries the Du Toit family has made valuable contributions in many South African fields as farmers, viticulturists, economists, medical men, academics, teachers, theologists, legal men, politicians and engineers. The name Du Toit leads automatically to their contribution to the Afrikaans language ( four of the eight founding members of the Society of True Afrikaners were Du Toits). Reverend Stephanus Jacobus du Toit is regarded as the father of the Afrikaans language movement and the Afrikaner Bond. He was also an author and translator of the Bible into Afrikaans. His brother, Daniel Francois du Toit was a pioneer Afrikaans journalist and editor of the *Afrikaans Patriot,* one of the most influential newspapers from 1876 to 1890. Cousin Daniel Francois du Toit was also a founder member of the Society of True Afrikaners and a well-known printer in Paarl. Professor Jacob Daniel du Toit, was the well-known Afrikaner theologist, psalmist and poet Totius . Alexander Logie du Toit was an internationally recognized and honoured geologist, while Paulus Philippus du Toit was a director of the K.W.V. and Member of Parliament for Paarl.

Although the family is one of the best-known and largest in South Africa, no comprehensive family register has previously been published, although registers of minor branches have been recorded.

In 1989 Alexis Charles Fuchs began to assemble details of the Robertson/Worcester branch to which his mother Hester Susanna du Toit belonged. He accumulated so much data that he decided to produce a full Du Toit genealogy. Data was received from the Human Sciences Resource Council and H.J.L.du Toit Oom Louw in Pretoria, Martie Venter (nee Du Toit) of Bloemfontein, the Huguenot Memorial Museum of Franschhoek, Joan Saul of Kraaifontein, Orpa Janse van Rensburg of Stellenberg, Marie du Toit of Petoria, Alida Theron of Prince Albert and Yvonne Howarth of Sydney, Australia. J.F.S. (Jos) du Toit of Gordon s Bay also made an immense contribution.

This Du Toit Family Register is a valuable addition to genealogical publications of Huguenot families in South Africa and I express particular thanks to Alex Fuchs and Jos du Toit for making it possible.

Juna Malherbe
Huguenot Memorial Museum, Franschhoek
14 June 2007

**INLEIDING**

**Die idee is gebore**

Die avontuur van die ontdekkingsreis in die verbeelding van n genealoog is nie maklik te beskryf nie, daardie ervaring sou ek eers meemaak nadat ek besluit het om die DU TOIT-familie uit die vergetelheid te ontsluit. Na twintig jaar se reis op dié pad is besluit om dit ook met die naamgenote te deel en sodoende hierdie groot Hugenote familie tot sy reg te laat kom.
Dit was n aangename taak om aan hiedie geslagregister te werk en ek hoop dat al die du Toit s wat in die familie se afkoms en geskiedenis belangstel, hierdie poging nuttig sal vind en in diè proses met hul verdere bydraes, iets vir die nageslag sal bewaar.

**Die omvang en beperkings**

Hierdie projek het ten doel gehad om nie slegs DU TOIT data te versamel nie, maar om ook die koppelings met die aangetroudes te boekstaaf en sodoende volledigheid na te streef. Ongelukkig kon al die du Toit lede tot op datum, nie aan die familiestam gekoppel word nie, maar hulle is nogtans ingesluit en wie weet, miskien word hulle eendag deel van die stam.

Genealogiese navorsing is n wetenskap wat gedurig die stryd met feite voer. Die spelling van voor- en familiename, datums en plekke verskil volgens verskillende bronne en daarbenewens sukkel dit ook met onleesbare handskrif, foutiewe grafskrifte, onduidelike fotostate en swak mikrofilms. Enige redelike persoon sou al lankal tou opgegooi het, maar hierdie frustrasie is deel van die reis. As gewone feilbare mens moet my tik-skryf -en interpretasiefoute by bogenoemde probleme byvoeg word en daarvoor aanvaar ek volle aanspreeklikheid.

Ondanks die feit dat daar wel foute en leemtes mag wees, is daar gepoog om die inligting so volledig en korrek as moontlik weer te gee. Dit staan enigeen vry om hierdie foute/leemtes uit te wys en vir ondersoek of regstelling aan die outeur te stuur.

**Die formaat**

Met die opstel van hiedie publikasie is daar aanvanklik nie rekening gehou met die groot indekse wat tot stand sou kom nie en gevolglik moes oor die formaat herbesin word. Sou die aangetroudes uitgesluit word, dan word volledigheid ingeboet en dit sou weer afbreuk aan die hoofdoel doen.
Hanteerbaarheid van die publikasie in boekvorm was n vereiste en derhalwe het die outeur besluit om die volgende nie in te sluit nie:

1 n Omvattende vroeë geskiedenis van die DU TOIT broers se lewe aan die Kaap, want daar is heelwat literatuur daaroor beskikbaar ;

2 Testamentêre bepalings en besittings volgens die Opgaafrolle want dit sou n onregverdige keuse op die outeur plaas;

3 Geen aanspraak word op n familiewapen gemaak nie want daardie studieveld is n taak op sy eie;

4 Almal se titels en kwalifikasies is nie bygewerk nie en slegs hoogstaande lede se biografiese besonderhede word gemeld;

5 Daar is gepoog om sensitiwiteit aan die dag te lê, maar geen doelbewuste aksie is geloods om feite te suiwer nie;

6 Daardie persone wat willens en wetens of gerieflikheidshalwe die DU TOIT van aangeneem het, is nie ingesluit nie, slegs wettige naamveranderings of verbintenisse is erken;

7 Weens die omvang van hierdie publikasie kon allerlei verhale, staaltjies en oorlewerings nie ingesluit word nie;

8 Om koste so laag moontlik te hou, is n foto-album nie oorweeg nie.

**Medewerker erkenning**

Soos reeds in die Voorwoord gemeld is ek dank verskuldig aan al die persone wat meegewerk het om hierdie poging die lig te laat sien. Daar is egter twee medewerkers wat besondere vermelding vereis naamlik Oom Louw du Toit van Pretoria en Jos du Toit van Gordonsbaai.

Nadat ek begin het om DU TOIT inligting met oom Louw uit te ruil, het ons besluit om n gesamentlike poging daar te stel. Met sy deeglike kennis en benadering asook omvattende indeks, het hy menige van my koppelingsfoute uitgewys. Ongelukkig is hy nie meer daar om die vrug van sy jarelange arbeid se sien nie.

Hierdie publikasie sou nie so vêr gewees het sonder die tien jaar getroue ondersteuning van Jos nie. Hy was n steunpilaar wat oral in die Kaap bronne geraadpleeg het en daarbenewens n elektroniese netwerk van du Toit belangstellendes, plaaslik en oorsee, opgebou het. Sy skakel-werk was van onskatbare waarde en sy oog vir korrektheid het my op my tone gehou.

**Redigering**

Ek is dank aan Keith Fisher verskuldig vir sy insette om my Engelse idioom reg te skaaf en ander voorstelle om die taal te verbeter.

**Hugenote-Gedenkmuseum**

Juna Malherbe is sinoniem met dié museum en haar bereidwilligheid om te help was n riem onder die hart om inligting afrondingswerk te kon doen. Sonder dié data sou leemtes bly voortbestaan het en onbevestigde data nie n feitelike grondslag gekry het nie. Baie dank is aan haar en die museum verskuldig.

Alexis Charles Fuchs
Centurion
2009